

Toegangsfooi of boete

Uitgawe 107: Augustus 2024

Gedurende die 1960's het ekonoom [Milton Friedman](#) 'n verklaring gemaak dat "*inflasie altyd en oral 'n monetêre verskynsel is.*" Geskiedenis het sedertdien bewys dat hy reg was. Groei in maatskappye se verdienste, die langtermyn drywer van die waarde van aandeelhouders, word deels bepaal deur ekonomiese groei sowel as inflasie. Op dieselfde manier is markskommeling, dit wil sê die op- en afbewegings van ekonomiese siklusse, altyd en oral 'n verskynsel. Elke jaar hoor ons markkenner en analiste wat allerlei makro-risiko's toelig, sommige daarvan werklik en vreesaanjaend:

- Tydens Oktober 2023 het die Midde-Ooste sy grootste konflik met Israel sedert die 1970's beleef;
- Die Rusland-Oekraïne oorlog het in Februarie 2022 uitgebreek, waarna olie- en gas pryse skerp gestyg het en inflasie in Europa veroorsaak het (olie en gas is nou laer as aan die begin van die oorlog);
- In Julie 2024 was daar 'n poging tot sluipmoord op voormalige Amerikaanse president Trump terwyl hy sy veldtog gevoer het om 'n verdere termyn as president te dien. Wat impliseer dit?
- Rusland het gedreig om Westerse stede te vernietig met kernwapens gemonteer op hipersoniese missiele;
- China dreig al 'n rukkie lank met die inval van Taiwan, waar die meerderheid van wêreldwye rekenaar-skyfievervaardiging plaasvind. China het gereeld Taiwanese lugruim oortree en missiele in die nabygeleë oseaan afgevuur;
- 'n Tekort aan Oekraïense koring en Russiese kunsmis het globale voedselvoorrade onstabiel gemaak;
- Oor die hele wêreld verklaar die linkse politici (dikwels teen die belange van aandeelmark-beleggers) dat demokrasie beskerm moet word teen meer regse bewegings – dikwels die radikale “verregses.” Ironies genoeg word daardie partye deur die meerderheid van kiesgeregtigde kiesers demokraties verkies.


Gelukkig het mense die vermoë om aan te pas. Goeie maatskappybestuur spreek altyd risiko's aan en draai dit dikwels om in suksesverhale. Die bogenoemde skep egter onsekerheid en finansiële markte hou gewoonlik nie daarvan nie. Hierdie is maar 'n kort lys wat beleggings-volatiliteit impliseer.

Fooi of boete

Ons moet emosioneel voorbereid wees vir 'n skielike regstelling (onvermydelike wisselvalligheid) - soms ernstig soos ons tydens COVID in 2020 gesien het. Ons gemoedstoestand moet hierdie periodieke storms kan trotseer. Byvoorbeeld, **'n belegger kan sodanige wisselvalligheid óf as 'n fooi, óf as 'n boete beskou.** Dink daaroor na. 'n Fooi, of intekening, gee jou toegang tot iets vir jou eie genot (gewoonlik iets met 'n marginale voordeel, of waarde) d.w.s. om 'n krieketwedstryd te kyk of 'n ronde gholf te speel. 'n Boete aan die ander kant is vir iets wat jy verkeerd gedoen het. Met ander woorde, jy word gepeenaliseer. Sielkundig [moet ons volatiliteit as 'n fooi en nie as 'n boete beskou nie](#). Om hierdie perspektief te hê, kan ons dilemma ietwat anders raam. Dit is ongemaklik, maar as jy nie wisselvalligheid aanvaar nie, sal die belegger armer as gevolg daarvan wees. Ja, wisselvalligheid moet bestuur word as deel van 'n geïntegreerde finansiële plan, veral korttermyn kontantvloei behoeftes en die permanente verlies van kapitaal. Met 'n langer beleggings-horison bied volatiliteit egter 'n groot geleentheid.

Kripto-geldeenhede is wisselvallig

Die SEC (*Securities & Exchange Commission*) in die Verenigde State het Bitcoin (BTC) beursverhandelde fondse goedgekeur, wat beduidende beleggingsinvloei getrek het, selfs na [pensioenfondse](#). Die aantal aktiewe [kripto-beursies neem steeds wêreldwyd toe](#). Vir diegene wat bekommerd is dat digitale bates geen bewese gebruikersfunksie verrig nie, oorweeg die volgende grafiek (Bron: [Coingeek](#)).



Die twee gewildste tipes kripto-geldeenhede is 'stable coins' en Bitcoin. Stable coins is kripto-ekwivalente van [fiat \(papier\) geld](#). BTC is 'n digitaal skaars kripto-geldeenheid. Die maksimum aantal in omloop het 'n voorafgeprogrammeerde limiet wat nooit oorskry kan word nie. Behalwe dat hulle in betaalstelsels gebruik word, waarvan die doeltreffendheid steeds verbeter, dien hulle beide om gebruikers teen inflasie te beskerm.

In die geval van 'USD stable coins', word dit op groot skaal gebruik in lande waar plaaslike geldeenhede deur regerings misbruik word. Byvoorbeeld, Turkye, waar jaarlikse inflasie tot 60% gestyg het, het 'n 19.3% stable coin eienaarskapkoers, 3de op die algehele lys van kripto-eienaarskap. Argentinië (met jaarlikse inflasie van 250%) is verder op die algehele lys van kripto-eienaarskap (18.9%). Venezuela (jaarlikse inflasie 100%) is 17de, met 'n 10.3% aannemingskoers. Belangstelling t.o.v. kripto-geldeenheid in Suid-Afrika blyk goed en is 14de op die globale lys. BTC is meer gewild in byvoorbeeld die VSA, waar [geldeenheidsverwatering](#) heelwat stadiger is.

Milton Friedman het ook bygevoeg dat "te veel geld, of 'n vinniger toename in die hoeveelheid geld as produksie" onvermydelik inflasie veroorsaak. In 'n wêreld waar werklike groei (na die effekte van inflasie) skaars raak, moet beleggingsportefeuljes gepas geposisioneer word om ons te beskerm teen 'n swakker koopkrag oor tyd. Ons moedig 'n belegging in nuwe tegnologieë aan om hierdie doel te bereik, terwyl ons nie skaam is om 'n gepaste mate van volatiliteit te omhels nie,

Ten slotte

Ons is bedag op die langtermyn strategiese temas, **terwyl ons gefokus bly op 'n persoonlike finansiële plan en inkomste-behoeftes**. As deel van hierdie plan moet kliënte verstaan watter lewenstyl hul beskikbare finansiële hulpbronne volhoubaar kan ondersteun.